16 Nadat hulle Elim verlaat het, het die hele volk Israel in die Sinwoestyn aangekom wat tussen Elim en Sinai lê. Dit was op die vyftiende van die tweede maand nadat hulle uit Egipte getrek het.

[2]In die woestyn het die hele volk hulle teenoor Moses en Aäron begin verset [3]en gesê: "As ons maar liewer in Egipte omgekom het deur die hand van die Here terwyl ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos kon hê om te eet! Nou het julle ons laat wegtrek tot in hierdie woestyn om die hele volk van honger te laat omkom."
[4]Toe het die Here vir Moses gesê: "Let nou mooi op. Ek sal elke keer vir julle kos uit die hemel laat reën. Dan moet die volk elke dag gaan en dié dag se voorraad optel. So sal Ek toets of hulle my opdrag wil nakom of nie.

[5]As hulle op die sesde dag voorberei wat hulle ingebring het, moet dit dubbel soveel wees as wat hulle elke dag optel."
[6]Toe sê Moses en Aäron vir al die Israeliete: "Vanaand sal julle besef dat dit die Here is wat julle uit Egipte bevry het, [7]en môreoggend sal julle sien hoe magtig die Here is. Hy het gehoor dat julle julle teen Hóm verset. Dat julle julle teen óns verset, is niks nie."
[8]Verder het Moses gesê: "As die Here vanaand vir julle vleis gee en môreoggend oorgenoeg kos om te eet, sal julle besef Hy het julle verset teen Hom opgemerk. Dit was nie teen ons nie, maar teen die Here dat julle julle verset het."

[9]Moses het toe vir Aäron gesê: "Beveel die hele gemeente van Israel om voor die Here te kom staan, want Hy het hulle verset opgemerk."
[10]Nadat Aäron dit vir hulle gesê het, kyk die Israeliete na die woestyn se kant toe om, en toe word die magtige teenwoordigheid van die Here sigbaar in die wolk.
[11]Die Here sê toe vir Moses: [12]"Ek het die verset van die Israeliete opgemerk. Sê vir hulle: Teen skemeraand sal julle vleis eet en teen môreoggend sal julle oorgenoeg kos hê sodat julle kan besef dat Ek die Here julle God is."
[13]Teen die aand se kant het daar kwartels aangevlieg gekom en hulle het die hele kamp vol gesit.
Die volgende oggend was daar 'n wolk rondom die kamp, [14]en toe die wolk wegtrek, was die woestyn oortrek met fyn vlokkies soos ryp. [15]Toe die Israeliete dit sien, sê hulle vir mekaar: "Wat is dit dié?" want hulle het nie geweet wat dit is nie. Toe sê Moses vir hulle: "Dit is die brood wat die Here vir julle gee om te eet.

Die verhaal van Eksodus
Die verhaal van Eksodus (Griekse titel beteken *Uittog*) word aaneenlopend vertel tot by hoofstuk 20, die gawe van die wet, met die fokus op die drie plekke waar die verhaal afspeel: Egipte, woestyn, Sinai. Daarna word die verhaal onderbreek met verdere wette (21-24) en die instruksies vir (25-31) en uiteindelike konstruksie van die tabernakel (35-40) met tussenin die verhaal van die goue kalf (32-34). Die boek eindig met die beskrywing van God se heerlikheid wat in 'n wolk neerdaal in die tabernakel, alles nog by Sinai. Hierdie laaste beskrywing antisipeer beide Levitikus (God se rigtinggewende teenwoordigheid in die tabernakel) en Numeri (God se begeleidende teenwoordigheid in die wolk).

● In Eksodus 16:1 vind ons **Israel in die woestyn** 'n maand en 'n half ná hul dramatiese bevryding uit Egipte deur God. God het farao se mag gebreek, sy weermag vernietig en die see gekloof. Geen wonder dat Eksodus 15 grootliks uit 'n loflied tot eer van God bestaan nie.

Wat Israel egter nie besef het nie, was dat terwyl die gevaar van buite (die Egiptenare en die see) dalk agter hulle was, 'n groter gevaar hulle van binne bedreig het: naamlik hulle eie ongeloof. In hoofstuk 16 vind ons dan ook die volk in verset teen God. Verset wat deur hulle woestynomstandighede aangewakker is.

● Vir Israel was die woestyn hulle **toetsterrein** gewees. Die woestyn Suid van Mara en Elim sou hulle vertroue in God tot die uiterste toe beproef. Die Paranwoestyn (vandag bekend as die Sinai-skiereiland) was nog altyd 'n plek van skaarste gewees.

Dit is ’n onherbergsame gebied waarin mense en diere moeilik kan oorleef as gevolg van ’n skaarste aan kos en water. Die slot van hoofstuk 15, en die begin van 17, gaan dan ook oor die skaarste van water. By Mara was dit bitter en het God dit soet gemaak. By Refidim was daar geen water en het God dit uit ’n rots gegee. Tussen die twee waterskaarste-episodes vind ons in hoofstuk 16 die krisis van ’n skaarste van kos.

● Vir Israel het die skaarste van die woestyn **ernstige gebreke in hulle vertroue in God** blootgelê. Ons lees by herhaling oor hoe hulle kla, mor en stry met Moses, Aäron en ten diepste met God self (vers 7)! Die werkwoord לון “murmureer” gevolg deur die voorsetsel על - “teen” - kom nie minder as sewe keer in vyf verse (vers 2, 7, 8, 9, 12) voor nie.

’n Mens kan in ’n mate simpatie hê met Israel. Dit moet angswekkend wees om met jou hele gesin in ’n vreemde woestyn te wees en nie te weet waar jy weer vir hulle kos en water gaan kry nie.

● Die woestyn is egter ook ’n plek waar **God teenwoordig** is. Daarom spreek Hy tot Moses en gee aan hom ’n geheimenisvolle boodskap: Kos sal elke dag met sowel die skemer as die oggendson uit die hemel kom. Genoeg vir daardie dag, dubbel die dag voor die Sabbat. Al wat hulle moes doen was om te wag en vertrou dat God in beheer is. So kom die kos ook, kwartels wat van hulle trekroetes wegwaai en manna.

Manna (letterlik: “Wat is dit dié?”) is heel moontlik die sap van die *tammarix mannifera*-struik wat in die koue aande van die woestyn korrels vorm en na die grond val waar die son hulle weer laat smelt. Daar is dus ’n mate van ’n natuurlike verklaring vir die manna. Hoe ook al, die belangrikste is dat Israel die hand van God daarin moes herken. Juis die Sabbat onderstreep dié wonderkarakter daarvan. Op die Sabbat is daar geen manna nie, maar daar is dubbel soveel die vorige dag. Israel word dus deur die hand van God self versorg.

● Daar word na die manna verwys as לחם “brood.” Dit is dus die **daaglikse brood** wat Israel sou voed. Die NAV vertaal dit egter met “kos” (vers 4-5), maar die OAV verwys daarna as “brood.”

● Wat wou God vir Israel leer? Dat hulle op Hom alleen moes vertrou. Jy kan net genoeg manna kry vir elke dag. Te midde van die verlate plek moes jy vertrou dat die manna môre weer sal kom. Jy kan dit nie opgaar nie. Behalwe op die Sabbat raak dit net te gou sleg. Die evangelie van Eksodus is egter nie soseer dat jy dit nie **mag** opgaar nie, maar dat jy dit nie *hoef* te doen nie. God is getrou. Hy gee wat Hy van ons vra. Hy vra net dat ons dit sal herken en op Hom sal vertrou.

Bronnelys

- Gispen, W H **Exodus II**, KV;
- Cole, Alan; **Exodus**, TOTC;
- Childs, B S **Exodus**, OTL;
- Brown, C **Dictionary of the New Testament Theology (2 vol – “glory”)**;
- **Christelijke Encyclopedie** (6 vol – “Verbond”);
- Odendaal, A **Bergpad deur die Bybel**.
- **Bybellennium**
- **Die Bybel Verklaar**